

# MIDSTREAM COLLEGE

Omsendskrywe 6/2023
20 April 2023

☎ 012 661 2341 🖷 012 661 2340
college@midstreamcollege.co.za

# SKOOLSAKE

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

All we have to decide is what to do with the time that is given us.

J.R.R. Tolkien

Ek hoop almal het 'n geseënde Paasfees gehad en dat julle batterye gedurende die skoolvakansie gelaai is vir die bedrywige tweede kwartaal. 'n Woord van dank aan al die onderwysers en leerders wat 'n deel van hul vakansies regoor die land op verskeie sporttoere deurgebring het, asook ons jaarlikse Belgiese uitruilprogram.

Gepraat van hierdie besige kwartaal, gister het al ons seunshokkiespanne onderskeidelik teen Affies en Montana gespeel en vandag speel ons meisieshokkie teen Garsfontein. Môre speel ons netbal by Centurion en die seunshokkie is tuis. Ons derby teen Centurion sluit Saterdag af met die rugby daar en die meisieshokkie tuis. (Let daarop dat Centurion 'n toegangsfooi vra.)

Ons Belgiese uitruilprogram is ook weer in volle swang, en 'n paar trane het verlede Vrydag gevloei toe die Belge teruggevlieg het na twee weke se besoek aan ons. Die Midstreamers kan nie wag om hulle in September in België te besoek nie. Die tagtig plus leerders wat in September deur Europa toer, tel eweneens die dae af. Ons begin binnekort ons Septembertoer vir 2024 vir die huidige gr. 8's tot 10's en die volgende Belgiese uitruilprogram (slegs huidige gr. 10's) bemark. Hou hierdie spasie dop.

Op 'n akademiese noot sal leerders volgende week hul eerste rapporte ontvang. Die verslae sal volgende Woensdag elektronies op die ouerportaal beskikbaar wees. Alhoewel hierdie punte nie deur 'n eksamen gerugsteun word nie, is dit 'n goeie aanduiding van hoe u kind akademies by die nuwe graad aangepas het. Ek hoop nie dit bederf hulle langnaweek nie ... 😊

# AKADEMIE

## RAPPORTE: EERSTE KWARTAAL

Dié rapporte sal op Woensdag 26 April op die ouerportaal beskikbaar wees.

## OUERAAND

Ons eerste oueraand vind op Donderdag 4 Mei van 16:00 tot 19:00 plaas. E-pos asseblief die betrokke onderwysers om 'n afspraak te reël.

## VAKVERANDERINGE

In die toekoms moet alle versoeke vir vakveranderige na die Visehoof van Akademie, me Madelaine Matthys, ge-e-pos word (mmatthys@midstreamcollege.co.za). Neem asseblief kennis dat geen vakveranderinge vir hierdie kwartaal na 26 April toegelaat sal word nie.

## JUNIE-EKSAMENROOSTER

Die finale weergawe is op die leerders se tablette geplaas. Dit is ook op die skool se webwerf beskikbaar. Let asseblief daarop dat geen leerder van 'n geskeduleerde eksamen verskoon kan word vir verlengde vakansiedoeleindes nie. U samewerking sal waardeer word.

# KULTUUR

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLAKTIWITEITE

### DANS

Elmarie Lubbe het aan die kwalifiseringsrondte van die Danswêreldbeker deelgeneem en die 11de plek vir haar liriese solo behaal. Vir haar balletsolo behaal sy die 4de plek en kwalifiseer om aan die finaal in Portugal deel te neem.

# SPORT

## ATLETIEK

Die laaste aksie van die seisoen het onderskeidelik in die vorm van die ASA-Jeug- en Juniorkampioenskap te Pietermaritzburg en die SA Skolekampioenskap te Germiston plaasgevind. Die beste prestasies, waaraan 13 van ons atlete deelgeneem het, is as volg.

**ASA-Jeug- en Juniorkampioenskap**

| Atleet | Afdeling | Item | Posisie | ASA-punt |
|---|---|---|---|---|
| Ashley Williams | Meisies 19 | 400 m | Uitdun 9de | 847 |
| Hilton Thomas | Seuns 19 | 400 m | 7de | 874 |
| Xavier van der Leek | Seuns 17 | 1 500 m | 5de | 915 |
| Juan Breytenbach | Seuns 17 | 3 000 m | 7de | 878 |
| Déan Fourie | Seuns 17 | 2 000 m-hindernis | Finaal | 818 |
| Thabang Rammabi | Seuns 17 | Verspring | 6de | 808 |
| Luca Jankovic | Seuns 17 | Verspring | 8ste | 796 |
| Rupert Groenewald | Seuns 15 | 3 000 m | Finaal | 800 |
| Zabine von Westernhagen | Meisies 19 | 5 000 m | 5de | 792 |
| Lente Groenewald | Meisies 17 | 2 000 m-hindernis | 8ste | |

Hilton Thomas het Gauteng-Noord in die 4 x 400 m-aflos sowel as die 4 x 100 m-aflos (seuns 19) verteenwoordig. Beide spanne het `n brons medalje verower. Ashley Williams het aan die 4 x 400 m-gemengde aflos deelgeneem en 'n brons medalje verower.

**SA Skolekampioenskap:**

| Atleet | Afdeling | Item | Posisie | ASA-punt |
|---|---|---|---|---|
| Ashley Williams | Meisies 19 | 200 m<br>400 m | 6 de<br>7 de | 815<br>806 |

Ons is baie trots op al ons atlete!

## SWEM

Die swemseisoen het ook in die vakansie op 'n hoogtepunt afgesluit met 'n vlak 3-gala in Pretoria en die SA Nasionale Juniorkampioenskap in Durban.

Tydens die vlak 3-gala in Germiston het Rii Spoelstra aan vier items deelgeneem. Juan Pretorius het vier PB's geswem, vyf finale gehaal, 'n silwer medalje in die 100 m-borsslag en 'n goue medalje in die 200 m-borsslag verower. Baie geluk julle twee!

Dertien van ons swemmers het aan die SANJ-kampioenskap deelgeneem. Agt swemmers het hul individuele finale gehaal het. Drie van hierdie finaliste het in totaal sewe medaljes verower. Daar is ook 13 medaljes in die onderskeie aflosse verower.

| Swemmer | Individueel | Aflosse |
|---|---|---|
| Jemma van Wyk | 200 m-vryslag – 9de | 2 x silwer<br>1 x goud |
| Paul Loubser | 200 m-vlinderslag – 6de<br>100 m-vlinderslag – 9de | 1 x brons<br>2 x silwer<br>1 x goud |
| Rouxné du Plessis | 100 m-rugslag – 9de<br>200 m-rugslag – 10de<br>50 m-vlinderslag – 8ste | |
| Lyla van der Spuy | 200 m-vlinderslag – 5de<br>100 m-vlinderslag – 5de<br>50 m-vlinderslag – 5de<br>200 m-rugslag – 6de | |
| Jana Swiegers | 200 m-rugslag – 5de<br>100 m-rugslag – 5de<br>50 m-rugslag – 7de | |
| Demi Jacobs | 200 m-individuele aflos – 4de<br>100 m-vlinderslag – 6de | 1 x brons<br>2 x silwer |
| Caleb Ingram | 100 m-borsslag – 6de<br>200 m-borsslag – goud | 1 x goud |
| Lance Cromhout | 400 m-vryslag – 6de<br>100 m-rugslag – silwer<br>200 m-rugslag – goud<br>50 m-rugslag – goud | |
| Adrian van Wyk | 100 m-vryslag – 4de<br>50 m-rugslag – goud<br>100 m-rugslag – goud | 1 x silwer<br>2 x goud |

| | | |
|---|---|---|
| | 200 m-rugslag – silwer | |

Ons is ook baie trots op die volgende vier swemmers:

- Adrian van Wyk en Lance Cromhout wat aan die SANAT-nasionale senior kampioenskap, in Gqeberha, deelgeneem het.
- Lyla van der Spuy en Abigail Roberts neem volgende week in Durban aan die SA Skolekampioenskap deel.

## TENNIS

Onlangse spanuitslae:

| Span | Opponente | Uitslag | Opponente | Uitslag |
|---|---|---|---|---|
| Meisies o. 15A | Menlopark o. 15A | Verloor 2 - 5 | | |
| Seuns o. 15A | AHS o. 15B | Wen 6 – 1 | Garsfontein o. 15A | Wen 7 - 0 |
| Meisies o. 15B | AHMP o. 15E | Wen 41 - 36 | | |
| Seuns o. 15B | Pretoria-Noord o. 15A | Wen 36 - 31 | Waterkloof o. 15D | Verloor 6 - 63 |
| Meisies o. 19A | Eldoraigne o. 19A | Wen 61 - 6 | Garsfontein o. 19B | Wen 50 - 17 |
| Seuns o. 19A | PBHS o. 19A | Verloor 30 - 37 | | |
| Meisies o. 19B | Maragon o. 19A | Wen 44 - 23 | | |

## MUURBAL

Ons is baie trots op nege van ons leerders wat die afgelope naweek by St John's College aan die SA Skole toernooi deelgeneem het, waarvan sewe hulself as een van die top-10-spelers in hul ouderdomsgroep in die land gevestig het. Uiteraard is ons besonder trots op ons twee SA kampioene, Elzandri Janse van Rensburg (o. 16) en Awande Malinga (o. 19)!

| Speler | Afdeling | Posisie |
|---|---|---|
| Anushka Janse van Rensburg | Meisies o. 14 | 3de |
| Sarah de Villiers | Meisies o. 14 | 6 de |
| Amelia Lubbe | Meisies o. 14 | 10 de |
| Kathleen de Kock | Meisies o. 14 | 13 de |
| Martin de Koning | Seuns o. 14 | 11 de |
| Elzandri Janse van Rensburg | Meisies o. 16 | 1 ste |
| CA Froneman | Seuns o. 16 | 10 de |
| Awande Malinga | Meisies o. 19 | 1ste |
| Kiara Poole | Meisies o. 19 | 7 de |

## WINTERSPORT

'n Groot woord van dank aan al die leerders en afrigters wat die College die afgelope vakansie op talle toere verteenwoordig het. Ons het positiewe terugvoer ontvang en hoop van harte die belegging sal in die komende seisoen vrugte afwerp.

Ons is baie trots op die sewe meisies wat na die finale rondte van die Gauteng skolenetbalproewe (GSS) deurgedring. Hulle is:

| o. 14 | o. 16 | o. 18 |
|---|---|---|
| Aphelele Mbatsha, Abigail Roberts, Ilané Theron & | Danika van Heerden & Liza Howatt | Veronica du Plessis |

| | | |
|---|---|---|
| Iva Mukadi | | |

Die derby teen Brits het die volgende uitslae opgelewer:

**MEISIESHOKKIE**

| Span | Uitslag |
|---|---|
| o. 14A | 7 – 0 |
| o. 15A | 2 – 3 |
| o. 16A | 3 – 0 |
| $2^{de}$ | 4 – 1 |
| $1^{ste}$ | 0 – 1 |

**SEUNSHOKKIE**

| Span | Uitslag |
|---|---|
| o. 16A | 11 – 0 |
| $1^{ste}$ | 11 – 0 |

** Die C-spanne het teen Zwartkop se D-spanne gespeel.*

**NETBAL**

| Span | Uitslag |
|---|---|
| o. 14A | 21 – 9 |
| o. 14B | 18 – 1 |
| *o. 14C | 4 – 17 |
| o. 15A | 19 – 11 |
| o. 15B | 39 – 0 |
| *o. 15C | 1 – 18 |
| o. 16A | 36 – 2 |
| o. 16B | 19 – 3 |
| *o. 16C | 8 – 19 |
| o. 17A | 21 – 2 |
| $2^{de}$ | 24 – 8 |
| $1^{ste}$ | 39 – 17 |

**RUGBY**

| Span | Uitslag |
|---|---|
| o. 14A | 46 – 5 |
| o. 14B | 39 – 7 |
| o. 15A | 33 – 0 |
| *o. 15B | 7 – 35 |
| o. 16A | 17 – 0 |
| *$3^{de}$ | 12– 54 |
| $2^{de}$ | 29 – 12 |
| $1^{ste}$ | 84 – 0 |

** o. 15B en $3^{des}$ het teen Waterkloof gespeel.*

Seunshokkie – Die eerste span het $5^{de}$ in die Gauteng-Noordbeker geëindig nadat hulle Sutherland in die uitspeelrondte geklop het.

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLSPORT

### ONDERWATERHOKKIE

Stephan Venter (graad 11) het as deel van die Gautengspan aan die SA kampioenskap deelgeneem. Baie geluk – die span het tweede geëindig.

### BERGFIETS

Nika Nortjé (graad 8) en Pieter van Eeden (graad 11) het die afgelope naweek aan die SA XCO kampioenskap by Thaba Trails, buite Johannesburg, deelgeneem. Nika het die brons medalje vir sub-junior meisies gewen en Pieter het algeheel $17^{de}$ ($4^{de}$ van die Gauteng-ryers) in die junior seunsafdeling geëindig!

### GHOLF

Ruben-hein Churr (graad 9) het gedurende die vakansie die volgende uitslae behaal: By die US Kids Gauteng Local Tour Junior Golf Championship by Woodhill het hy sy ouderdomsgroep gewen en sodoende vir die Wêreldtienerkampioenskap in Amerika gekwalifiseer. By die Junior Nomads-toernooi wat hy by Gowrie gholflandgoed gespeel het, het hy 2 $^{de}$ gekom. Geluk.

### STOEI

Luan van Schalkwyk (graad 12) gaan SA in Mei tydens die Afrika Kontinentale kampioenskap in Tunisië verteenwoordig. Sterkte!

**KOM ONS KOMMUNIKEER:**
Vir alle omsendbriewe, sowel as ander inligting, kan u ons besoek of kontak by:

- www.midstreamcollege.co.za
- Facebook (soek Midstream College)
- Instagram (midstream_college)

**VOLGENDE OMSENDBRIEF**
Donderdag 11 Mei 2023